Afrikaans se ikoon vol vrede

Deur Marie Opperman
Huisgenoot 19 Oktober 2006

DIESELFDE warmte wat in haar stem is terwyl sy sing, straal uit Laurika Rauch waar sy van haar stoep af groet.

Sy wys na die roosbos met sy massa wit blomme hier teen die trappies. ‘‘Kyk al die dooie rose,’’ sê sy. ‘‘Dis wat gebeur as ’n vrou nie by die huis is nie.’’

Eintlik skerts sy, want sy was met goeie rede weg – om by Huisgenoot se Skouspel by Sun City vereer te word vir haar bydrae tot Afrikaanse musiek. ‘‘Dit was vir my baie spesiaal om die prys te kry,’’ sê sy, ‘‘byna oorweldigend!’’

Vanjaar was daar ’n volle ses Skouspel-vertonings, en Laurika het die trofee opnuut by elkeen ontvang. En elke keer het die duisende mense in die gehoor op hul voete gekom om haar toe te juig, vertel sy ontroerd.

‘‘Dit het my gelief laat voel. Asof mense trots is op my, asof hulle dit vir my gun. Vir my dankie sê. Ek dra die prys aan die gehoor op. Dis almal s’n omdat hulle my oor die jare omarm en ondersteun het.’’

Nie dat dit moeilik was nie. Sonder haar het ons immers nie die liedjie Stuur Groete aan Mannetjies Roux, wat haar man, Christopher Torr, vir haar geskryf het, gehad nie. En ons sou baie armer gewees het sonder haar spesiale weergawe van Koos du Plessis se Kinders van die Wind. Dit was haar eerste treffer, byna dertig jaar gelede.

Sedertdien het sy ’n ikoon op die Afrikaanse musiektoneel geword, met nog vele treffers soos Die Gang, Op Blouberg se Strand, Die Mense op die Bus en Blou. Sy het al ’n indrukwekkende negentien albums uitgereik.

‘‘Mis oor Jacobsbaai is een van my gunstelinge,’’ sê sy. ‘‘Die liedjie voer ’n mens weg na ’n ander dimensie. Dis ongelukkig net moeilik om op die verhoog te doen omdat baie elektroniese byklanke daarin gebruik word.’’

Haar eerste album, Debuut, is in 1979 uitgereik en het goue status bereik. Daarna het nog drie albums so gemaak. Stuur Groete aan Mannetjies Roux en 19 Treffers van 21 Jaar het platinum-status behaal, en nog drie van haar albums het ook goue status bereik.

Sy was ook verantwoordelik vir die heel eerste CD van Afrikaanse musiek toe Stuur Groete aan Mannetjies Roux weer in 1990 uitgereik is, maar dié keer op CD.

En sewe jaar gelede het sy een van die hoogste eerbewyse vir plaaslike musiek verower toe die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ’n erepenning vir haar bydrae tot ligte Afrikaanse musiek aan haar toegeken het.

Sy was ook al in TV-produksies en op oorsese verhoë. Haar jongste CD, Chris se Trefferliedjies, met gewilde liedjies wat haar man geskryf het, is vroeër vanjaar uitgereik. Haar eerste musiek-DVD, Grootste Treffers LIVE, wat by vier vertonings in Pretoria opgeneem is, het ook onlangs verskyn.

Afrikaanse musiek het beslis ’n toekoms, glo Laurika. ‘‘Afrikaanse musikante speel ook ’n groot rol om Afrikaans lewend te hou, soos Chris Chameleon byvoorbeeld, wat ’n koel beeld het, maar tog suiwer, beskaafde Afrikaans gebruik.

‘‘Ek is trots op ons jong musikante. Hulle is so toegewy en gedissiplineerd. As ons nie ophou sing in Afrikaans nie, sal die taal voortleef. Afrikaanse popmusiek bind ons vandag saam soos die FAK en Hallelujaboek voorheen.’’

ONS sit op die balkonstoep van Laurika en Christopher se dubbelverdiepinghuis in Pretoria. Sy sit toebroodjies en koekies voor, skink tee uit ’n wit pot en toe die kele later weer droog gesels is, gaan haal sy vrugtesap.

Sy is so vriendelik en rustig, dit voel asof ’n mens by ’n geliefde vriendin kuier.

Camilla, die bedorwe skoothond, lê eenkant op ’n rusbank. Sy’s genoem na Camilla Parker Bowles omdat prinses Diana haar Die Rottweiler genoem het, vertel Laurika.

‘‘Ek is in die grootste deel van my lewe mev. Torr,’’ sê sy. En wanneer sy van Christopher praat – hy is ’n ekonomiekonsultant – straal haar gesig. Sy noem hom Chris en ‘‘my dierbare man’’.

‘‘Ja, ek is baie lief vir hom,’’ erken sy. ‘‘Hy is ’n wonderlike man, alombekend vir sy humorsin.’’

Hulle het mekaar op universiteit in Stellenbosch geken, mekaar later weer raakgeloop en is in 1984 getroud. ‘‘Ons het twee kinders,’’ vertel sy. ‘‘Nina is ’n student en Simon werk in die rolprentbedryf.’’

Sy hou doelbewus haar private en openbare lewe uitmekaar, vertel sy. ‘‘Ek wou nie hê my kinders moes grootword onder die juk dat ek bekend is, en hulle daar-om ook, nie. As hulle bekend wil word, moet hulle hul eie ding doen.’’

Bekendheid is darem nie vir haar ’n probleem nie. ‘‘Dis so tweede natuur, so deel van my lewe . . . ek kan nie eens onthou hoe dit is om nie bekend te wees nie. Die mense in Pretoria is al gewoond aan my.’’

Laurika is in die vyftig. ‘‘Mense kan self uitwerk hoe oud ek is,’’ terg sy. ‘‘My geboortedatum ver-skyn elke jaar met my verjaardag, op 1 November, op ’n koerant se kalender . . .’’

Wat sy die heel graagste doen, sê Laurika onomwonde, is: ‘‘Niks! Ek is lief vir niks doen, en dis seker ’n reaksie op te veel doen. Dit laat my tot bedaring kom, afskakel, ná optredes.

‘‘Dan lees ek boeke, gaan fliek, lê voor die TV en sleg word. Dis salige niks doen. Andersins berei ek voor vir vertonings of tree op.’’

Daarvoor reis sy nog baie. ‘‘So twee, drie keer per maand, na plekke soos Kaapstad of Bloemfontein. Ek was ook vanjaar in Antwerpen, waar ek voor agthonderd mense opgetree het. Dit was baie lekker. Maar ek wil nou meer tyd by die huis deurbring.’’

En wat is die heel belangrikste in haar lewe?

‘‘Gemeensaamheid en vredevolheid,’’ sê sy en vee haar lang donker hare uit haar gesig. ‘‘As ek dit beleef, op daardie plek is, is ek op my gelukkigste. Ek wil mense om my hê wat tevrede en gelukkig is. En dis ook so op ’n groter skaal, ’n soort universele stelling.’’

Sy probeer haar lewe leef sonder verwyte, vertel Laurika. ‘‘Toe ek en Chris getroud is, het ek dit vir hom gesê – dat ek ook, soos wat Edith Piaf sing, ‘‘no regrets’’ wil hê. Hy het gewonder hóé iemand so gelukkig kan wees.

‘‘Ek het baie mense geken wat hulself baie kan verwyt. Daarom doen ek my bes, en tree op my beste in situasies op, om geen verwyte te hê nie.

‘‘Ek dra ook nie goed saam met my nie. As iets nie vir my werk nie, sit ek dit neer. As ek my bes gedoen en reggemaak het wat ek kan, laat ek dinge agter my en gaan met my lewe aan.’’

Sy is baie gelowig en sal nog graag buite haar musiek iets vir mense wil beteken. ‘‘Ek wil iets uitreikends na die mensdom doen. ’n Bydrae lewer wat ’n verskil aan mense se lewe maak.’’

En dan is daar haar dagdrome. ‘‘Eens op ’n tyd het ek gedroom om eendag in ’n huisie langs die see op ’n Griekse eiland te gaan woon. Chris kan dan sy novelle skryf en ek kan saans Afrikaanse liedjies in ’n taverne sing . . .’’

Die gelukkige Grieke!